

**24 Oktober**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 13**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 13:5b-9a, 20-21**

### **Die troos van Christus**

Te midde van swaarkry, in ons soeke na antwoorde, in ons verleentheid om met mekaar te kan meeleeft, waar ons nie weet *hoe* om troos te bring wanneer iets oënskynlik troosteloos lyk nie, waar 'n mens magteloos staan teenoor ander se hartseer en swaarkry of ook jou eie hartseer en swaarkry – in al hierdie situasies loop 'n mens jou elke keer opnuut vas teen ons menslike beperkinge.

As ons egter na Hebreërs 13:5,6 kyk, sien ons die trooswoorde wat uit Josua 1:5 (vergelyk ook Deut 31:6) opgeroep word: “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.” Die versekering word verbind met 'n verdere troos uit Psalm 118:6-7 met dié woorde: “Die Here is my Helper ...” Die Here gaan verder – Hy koppel hierdie troos aan dié vasstaande waarheid (Heb 13:8): “Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.”

Dit is die onuitspreeklike vertroosting van Hebreërs 13, dat die verbondsbeloftes in die Ou Testament uitloop op Jesus Christus. Hiermee wys die Woord vir ons op die enigste fondament waarop ons verder kan en moet bou (1 Kor 3:11), naamlik Jesus Christus – Jesus Christus wat ons troos met sy Woord. Hy voed ons met sy Woord en Hy les ons dors. Want *Hy is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid; en sy Woord bly tot in ewigheid* (Jes 40:8; 1 Pet 1:25). Hy troos ons met die enigste, ware troos: *dat ek met liggaam en siel, in lewe én in sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes betaal ...* (HK, So 1).

*Sing: Ps 146:3 Dr VE d'Assonville (Colesberg/Philipstown)*